Hierdie artikel hieronder word net so geplaas met toestemming en erkenning aan die skrywer

Stefanus Ockert Vermeulen<1481> (1857 tot 1925), 'n afstammeling van Jan Willemsz het in 1882 die plaas Vluytjeskraal gekoop. Orania het op hierdie plaas ontstaan. Die grafte van S O Vermeulen en sy eggenoot en S O Vermeulen se aantekeninge op 'n dolerietklip word nog steeds op die plaas aangetref en sal bewaar word vir die nageslag in toekomstige ontwikkeling. Die volledige artikels wat bogenoemde verbintenis volledig uitbeeld word aangetref op ons webblad en in die Gedenkuitgawe.

Stephanus Ockert Vermeulen was die halfbroer van Urbanus Johannes Vermeulen <1499>(1883 tot 1962) waarna in die artikel verwys word.Hul Pa was Johannes Urbanus <1461>(1815 tot 1883) van Hopetown wat die rekord hou van die Vermeulen met die meeste kinders naamlik 26. Stephanus was die 8 ste kind en Urbanus Johannes was die jongste van die 26.

BELYDENIS VAN 'N BOERESKERPSKUTTER
Manie Opperman

Skerpskutters is operateurs met besondere talente wat verder ontwikkel is deur opleiding en die gebruik van gespesialiseerde uitrusting. So 'n operateur was Chris Kyle, 'n lid van die VSA -Vloot se spesiale magte (Seals). Onlangs het 'n film verskyn, "American Sniper", wat gebaseer is op 'n outobiografie van sy skerpskutteraktiwiteite in Irak, waar hy verantwoordelik was vir 160 bevestigde ongevalle in militêre operasies. In mediaresensies word die film beskryf as die mees populêre oorlogsfilm in onlangse jare. Kyle word uitgebeeld as 'n nasionale held.

Terwyl ek die resensies met belangstelling gelees het, het ek onthou van 'n gravering op 'n dolerietklip waar 'n Boereskerpskutter 'n telling uitgekrap het van sy slagoffers gedurende die Anglo-Boere oorlog (1899 - 1902). Hierdie besondere klip is geleë in Orania, 'n Noord-Kaapse dorp, op 'n koppie met 'n uitsig oor die Oranjerivier. 'n Konsentrasie van prehistoriese en historiese gravures kom hier voor. Die klip is 1,5 m lank, 50 cm wyd aan die oostelike kant en vernou tot 27 cm aan die westelike kant. Die graverings bestaan uit die woorde "Engelse geskiet", wat ligweg op die klip uitgekrap is. Onder die woorde is daar twee groepe van vertikaal uitgekrapte parallelle lyne 11 cm uit mekaar. Een groep bevat 37 lyne en die ander een 17. Elke lyn verteenwoordig 'n Britse soldaat, dit wil sê 'n totaal van 54. Die lengtes van die parallelle lyne wissel van 7 tot 15 cm en die afstand tussen hulle wissel van 1 tot 3 cm. Die styl waarmee die graverings gedoen is, skep die indruk dat een persoon verantwoordelik was. Die graverings bevat geen naam, datum of plek nie. Dit is in kontras met ander historiese gravures op die koppie, wat Britse soldate insluit, waar die graveerders hulleself geïdentifiseer het. Groot ongevalle is deur Britse magte tydens gevegte by Magersfontein in Desember 1899 gely. Dit is ongeveer 170 km noordoos van Orania. Daar was egter geen gevegte in die omgewing van Orania nie.



Dolerietklip in Orania, met graverings van 'n Boereskerpskutter, Anglo – Boere oorlog, 1899 – 1902

Die plaasopstal, wat tot die periode in die geskiedenis dateer, se ligging is ongeveer 1 km noordwes van die klip. Dit is moontlik dat die eienaar, S.O. Vermeulen, geweet het wie die graveerder was en ook sy graverings gesien het. Vermeulen het, volgens familieoorlewerings, dikwels die koppie besoek en het self ook graverings vir sy nageslag gelaat. ‘n Moontlike aanduiding van die Boereskerpskutter se identiteit is verkry van Flip Vermeulen, ‘n agterkleinkind van S.O. Vermeulen. Die mans in die Vermeulenfamilie was goeie skuts en jagters. Uitstaande egter was Urbanus Johannes Vermeulen (1883 – 1962), S.O. Vermeulen se jongste halfbroer, vir wie hy as voog opgetree het en vir wie Flip goed geken het. Familieoorlewering vertel dat Urbanus trots was op sy skiet vermoë en dat hy telling gehou het van sy jagsuksesse. So het hy glo met honderd rondes ammunisie, wat hy gekoop het, 98 stuks wild platgetrek. Urbanus se naam verskyn in ‘n album van die Pietersfamilie met die byskrif “goeie skut”. Hy het as rebel aan die Anglo- Boereoorlog deelgeneem, soos baie koloniale Boere aan die begin gedoen het. Dit sou sy profiel pas om sy suksesse as skerpskutter op ‘n klip te graveer , tydens of na die oorlog, op ‘n plek waar daar ook graverings van sy familie was.

Die skiet en moontlike dood van soveel soldate was in militêre verband, maar het nogtans verreikende gevolge gehad vir die lewe van die persoon verantwoordelik, asook vir die lewens van vele ander mense. Die Boereskerpskutter het ‘n begeerte gehad het om ‘n rekord van sy aktiwiteite na te laat, soos in die geval van Kyle se outobiografie. Hierdie begeerte was nie ‘n kenmerk van Boerekommandolede nie, alhoewel hulle ‘n reputasie as goeie skuts gehad het. Oorlogsherinneringe van my oupa, Jan Opperman, wat ‘n lid was van genl. Koos De la Rey se kommando’s, asook die herinneringe van ander oudstryders wat ek ontmoet het, het nie die Britse soldate wat hulle geskiet het op die manier gekwantifiseer nie. In hierdie opsig is die gegraveerde klip uniek.

Lede van Boerekommando’s was meestal onbetaalde burgerlikes wat vir militêre diens opgeroep is. Hulle wapen van keuse was die 7 mm-Mauser, ‘n 1896-model, wat akkuraat kon skiet tot op 400 meter. Met goeie visie en goeie fisiese vermoëns, ondervinding opgedoen in die jagveld en vorige konflikte, asook sterk senuwees en gemotiveer deur godsdiens en nasionalisme het die Boereskerpskutter uiterste toestande oorleef, waar Britse magte nie gehuiwer het om selfs artillerie te gebruik om ‘n skerpskutter te neutraliseer nie.

Bron: Opperman,H. 2014. Klippe vertel – Orania se rotsgravures. Pretoria Tshwane Tegnologiese Universiteit.